higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

MUSIEKBESIGHEID EN -STYLE N6

(3030706)

24 Mei 2021 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

035Q1J2124

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MUSIEKBESIGHEID EN -STYLE N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 300

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae verskaf. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.25) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 'n Vinielplaat is 'n plat skyf met beskrewe, gemoduleerde ... groewe.

A diep
B analoog
C opgewende
D spiraal

1.2 'n Kasset is 'n ... analoog-bandopnameformaat vir klank-opnames.

A magnetiese
B geoutomatiseerde
C sensoriese
D kragtige

1.3 ... -spelers en opnemers is gebruik om musiek te speel voordat die CD-formaat ontwikkel is.

A MP3
B Viniel
C Kasset
D DVD

1.4 Musiek kan gekommersialiseer word deur afsetpunte vir ... , video's en oudiosnitte te gebruik wat help om meer geld te maak.

A gemeenskappe
B vennote
C groepe
D luitone

1.5 ... is digitale formate vir musiekproduksie.

A Mikrofone
B Analoë
C iPods
D Dromme

1.6 Goeie meester- ... is duur om te huur.

A sangers
B kunstenaars
C pianiste
D ingenieurs

Kopiereg voorbehou

1.7 Multi-snitopnames stel ingenieurs in staat om die klank vir elke instrument of stem onafhanklik te moduleer en te ...

A vorm
B redigeer
C meng
D skep

1.8 'n .. snit is 'n opgeneemde instrument wat as 'n gids gebruik word.

A klank
B krap
C geïmproviseerde
D gemengde

1.9 'n Algemene redigeertaak is ...

A stem.
B instrument.4
C klank.
D toonhoogte.

1.10 Dit is die opnamemaatskappy se plig om ... vir die nuwe opnamekunstenaar te skep.

A 'n platform
B bewustheid
C 'n mark
D geleenthede

1.11 Tydens die groeifase begin ... om nuwe kunstenaars se albums te koop.

A bemarkers
B bevoorraders
C verbruikers
D regisseurs

1.12 YouTube- en SoundCloud-werwe het nuwe maniere bedink om media te deel en te ....

A stoor
B gee
C versprei
D versamel

1.13 Wanneer 'n klank opgeneem word, is 'n klankopname ...

A geskep.
B uitgebuit.
C geredigeer.
D ontdek.

Kopiereg voorbehou

1.14 Verspreiding van ... -musiek behels feitlik geen koste nie.

A direkte
B viniel
C instrumentale
D digitale

1.15 'n K&R ('A&R') is 'n persoon wat by 'n bekende maatskappy werk en verantwoordelik is vir die kommunikasie en ... van nuwe kunstenaars.

A werwing
B kontraktering
C bemagtiging
D ontwikkeling

1.16 Wanneer 'n album ... vir 'n snit wat oor radiopotensiaal beskik onderhandel word, moet die maatskappy eers die radiobemarkingspogings uitsorteer.

A transkasie
B omskrywing
C diens
D formaat

1.17 ...is die sleutelkomponent daarvan om 'n nuwe kunstenaar in 'n ster te omskep.

A Opname
B Media
C Bemarking
D Sosiale netwerkvorming

1.18 Negatiewe gedrag deur 'n kunstenaar maak sy/haar ... kwaad, en as gevolg daarvan mag die kunstenaar steun verloor.

A familie
B vriende
C ondersteuners
D kollegas

1.19 Die deelproses ('process of sharing') is 'n lewensvatbare bemarkingstrategie wat ... gebruik.

A data
B 'n koerier
C Gmail
D internet

Kopiereg voorbehou

1.20 Die maak van video's stel groepe in staat om ... inhoud te skep en dit op YouTube te plaas sodat dit deur miljoene gesien kan word.

A visuele
B kuns
C vermaaklikheid
D sosiale

1.21 Vermenging is die kuns om snitte in een samevattende eenheid te ... .

A vermenging.
B skeiding.
C groepering.
D verskuiwing.

1.22 Swenking ('panning') bied aan elke instrument 'n eie ruimte in die ... -beeld.

A plaat
B industrie
C stereo
D musiek

1.23 Die bemarking van musiekvertonings moet die volgende inligting bevat:

A Koste van die opname
B Koste van toegang tot die musiekvenue
C Koste vir CD-produksie
D Koste van die steunsangers

1.24 Die tegniese reëlings vir 'n direkte optrede sluit ... kontroles in.

A stem
B klank
C instrumentale
D mikrofoon

1.25 'n Toerplan behoort die datum en die naam van die ... in te sluit.

A regisseur
B lied
C bestuurder
D stad

(25 × 2) **[50]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.25) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

2.1 'n Kassetopname gebruik 'n wissellende sein wanneer 'n band oor die bandkop beweeg.

2.2 'n Moderne CD kan nie 700 MG data of 80 minute se musiek nie hanteer nie.

2.3 Die klank-CD-formaat word nie deur die lengte van die liedjie beperk nie.

2.4 Wanneer 'n klank-CD ingebrand word, neem dit 'n tydjie om die proses te finaliseer.

2.5 Kunstenaars steun op hul sakebestuurders om direkte optredes vir hulle te reël.

2.6 Dit is baie goedkoop om goeie meesteringenieurs te huur.

2.7 Om musiek professioneel te laat klink, is 'n meesteropname nodig.

2.8 Goeie musiek kan met die gebruik van jou oorfone tuis geproduseer word.

2.9 Multisnit-opnames maak dit moontlik om al die instrumente gelyktydig op te neem.

2.10 By redigering behels saamstelling die vergelyking van die duplikaatopnames en die kies van die beste een.

2.11 Dit is algemene praktyk om musiek aanlyn te koop en af te laai.

2.12 Die voltooide opgeneemde produk is die laaste stap om iemand 'n bekende persoon te maak.

2.13 Kunstenaars moet nie probeer om nuwe kontrakte te bekom om hulle met iemand te verbind wat oor hulle sal skryf nie.

2.14 Die nuwe kunstenaar kry momentum tydens die groeifase.

2.15 Kunstenaars kan nie vir enige oplaai van hul musiek betaal word nie.

2.16 YouTube stel kunstenaars in staat om hul eie kanaal te hê.

2.17 Om musiek deur iTunes te verkoop moet 'n persoon klanklêers en kunswerke oplaai.

2.18 iTunes het 'n blog om hulself en nie die kunstenaar nie, te bevorder.

2.19 Suksesvolle kunstenaars se digitale bemarkingstrategie is uitstaande.

2.20 Videobemarking stel groepe in staat om visuele inhoud op te laai sodat miljoene daarna kan kyk.

2.21 Internetdienste kan 'n kunstenaar nooit bekend maak nie.

2.22 Direkte optredes is 'n goeie manier om ondersteuners vir 'n nuwe kunstenaar te verkry.

2.23 Dit is nie vir 'n nuwe kunstenaar belangrik om na 'n kunstenaar met baie ondersteuners uit te reik en 'n netwerk met hom/haar te vestig nie.

2.24 Die skeiding van die datums vir vertonings verminder die dringendheid van die vertoning en verseker dat ondersteuners nie die volgende vertoning sal bywoon nie.

2.25 Musiekverspreiding is hoe musiek by die gehoor uitkom.

(25 × 2) **[50]**

VRAAG 3

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–O) langs die vraagnommer (3.1–3.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Krapbaan ('Scratch track')	A	noodsaaklike deel van enige bemarkingsplan
3.2	Albumverkope	B	lok baie mense anders as die teikengehoor
3.3	Toerbestuurder	C	het 'n belangrike invloed op verkope
3.4	Bespreking van 'n konserttoer	D	kan as aansporing vir CD-verkope dien
3.5	Openbare betrekkinge-agentskappe	E	noodsaaklike deel van musiekpromosie
3.6	Heroic	F	behoort buigsaam te wees om die veranderinge in die mark te akkommodeer
3.7	Musiekverspreiding	G	is goeie kommunikasiefunksies
3.8	Platemaatskappy	H	behoort 'n konserttoerplan te hê
3.9	Produkverpakking	I	lewer musiekopnames direk aan die digitale verspreiders
3.10	Produkprysvasstelling	J	instrument of 'n groep instrumente wat opgeneem is om as 'n gids te dien
3.11	Afslag	K	moet gebruik word om aandag op die belangrikste verkooppunte te rig
3.12	Promosiestrategie	L	genereer persreklame vir platemaatskappye en kunstenaars
3.13	Bemarkingsprogram	M	verminder weens die bekendstelling van aanlynwinkels
3.14	Doeltreffende advertensie	N	baie goeie manier om jou gehoor uit te bereik
3.15	Tekens	O	moet optredes organiseer om die nuwe kunstenaar te bevorder

(15 × 2) **[30]**

VRAAG 4

Voltooi die volgende sinne deur 'n woord uit die lys hier onder te kies.. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.1–4.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

aggregasie; handelsmerk; visuele; bevordering; aanklank; aanlyn; intensiewe; departement; metadata; kommersiële; Spotify; transaksie; vinielplate; bemarking; verkope

4.1 CD's en ... is voorbeelde van formate vir musiekverspreiding.

4.2 ... is 'n voorbeeld van 'n digitale diensverskaffer wat musiek aanlyn verkoop.

4.3 Belangrike handelsname ('labels') het 'n volle … vir die bemarking van musiek.

4.4 Openbare-betrekkinge-agentskappe verteenwoordig die kliënt om hom/haar te help om sy/haar openbare beeld te vorm en sy/haar ... te bou.

4.5 Mense bestee meer tyd ... en minder geld aan fisiese musiek.

4.6 Wanneer 'n album met musiek aan digitale verspreiders verskaf word, moet 'n lys ... ingesluit word.

4.7 Die ... van tegnologie het gesien dat musiekprodukte vinnig faal of ontwikkel word.

4.8 ... verspreidingstrategieë plaas 'n produk binne die bereik van potensiële kliënte.

4.9 Die middelpunt van enige ... -poging is die promosie van 'n produk.

4.10 In die ... -wêreld is bemarking 'n intrinsieke deel van die produkontwikkelingsproses.

4.11 As 'n massagehoor die teiken is, is dit as mark- ... bekend.

4.12 Die ... kan op die produkverpakking beklemtoon word.

4.13 'n Plaathandelsmerk ('label') kan 'n kunstenaar se loopbaan bevorder solank die kunstenaar van die ... bewus is.

4.14 'n Doeltreffende … advertensie lok baie mense buite die teikengehoor.

4.15 Produkverpakking behoort ... te vind by die gehoor wat dit waarskynlik sal koop.

(15 × 2) **[30]**

TOTAAL AFDELING A: 160

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Gee 'n kort definisie van die volgende redigeerbegrippe:

5.1.1 Verwerking (5)

5.1.2 Vergelyking ('comping') (3)

5.1.3 Tydredigering (4)

5.1.4 Toonhoogteredigering (2)

5.1.5 Geraasvermindering (5)

5.2 Wat is die VYF stappe wat in die opneem van 'n album gevolg moet word? (10)

5.3 Noem DRIE vlakke van verspreiding. (6)
[35]

VRAAG 6

6.1 Jy is 'n kunstenaar wat beplan om 'n optrede te reël. Een van die goed wat jy moet doen is om pamflette te ontwerp wat jy sal gebruik om die optrede te bemark.

Noem NEGE goed wat jy vir die bemarking van die optrede by die ontwerp van die pamflet sal insluit. (9)

6.2 Noem TWEE hoofvoordele wat multisnit-opnames bied. (6)

6.3 Jou aanlynteenwoordigheid is baie belangrik om jou ondersteunersbasis uit te brei.

Bespreek hoe jy te werk sal gaan om jou aanlynteenwoordigheid ten opsigte van die volgende uit te brei:

6.3.1 Webwerf-ontwerp en -ontwikkeling (10)

6.3.2 Aanlynbemarking (2 × 2) (4)

6.3.3 Mediabestuur (3 × 2) (6)

6.3.4 Grafiese ontwerp (3 × 2) (6)
[41]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 7

7.1	Bespreek die volgende tipes tradisionele tussengangers kortliks:			
7.1.1	Agente en makelaars		(5 × 2)	(10)
7.1.2	Groothandelaars		(4 × 2)	(8)
7.1.3	Kleinhandelaars		(6 × 2)	(12)
7.1.4	Verspreiders		(3 × 2)	(6)
7.2	Bespreek die volgende formate waarin musiek verkoop kan word:			
7.2.1	Direkte optredes		(5 × 2)	(10)
7.2.2	Kompakskywe		(2 × 2)	(4)
7.2.3	Digitale formate		(2 × 2)	(4)
7.2.4	Enkelsnitte		(2 × 1)	(2)
7.2.5	Multi-albumstelle		(4 × 2)	(8)
				[64]
			TOTAAL AFDELING B:	**140**
			GROOTTOTAAL:	**300**

Kopiereg voorbehou